

Hierbo het ons die beskouwinge van die Genootskap omtrent plattaal en spottaal gegee. Die laaste het hul verag als 'n brabbel gemors maar plattaal het hul ondersoek, sonder egter dit aan te moedig. Dog dit is 'n boompie wat, onder ons versorgende hand, gekweek en besnoei kan word en die vrugte wat dit sal afwerp sal net "vorentoe smaak."

HOOFSTUK XIII.

NASIONALE ONTWAKING.

Om enigssins 'n gedagte te vorm waar die ou Genootskap vatplek gekrij het om die wiel van die nasionale ontwaking te pak om dit te help uit die modderpoel van onbewussijn uit te beur, moet ons kortliks ons volksgeskiedenis van sij begin volg.

Onder die Hollandse Bewind het ons Afrikaners uit drie verskillende nasies tot een volk met eie taal ontwikkel. Dit mag bij baing van ons nie onder die aandag gekom het nie watter plan die "Oost Indiesche Compagnie" daartoe gebruik het. Met die uitgee van gronde aan die "Vrije Burgers" en Hugenote het hul meestal nie twee van dieselfde nasionaliteit naas mekaar laat woon nie. Hiervan lewer die ou kaarte en grondbriewe onder Simon van der Stel, "Gouverneur van Cabo de Bona Esperanza," 'n getrouwe bewijs. Let maar op die Hollandse en Franse name in Paarl en Stellenbosch van die aanliggende plase—gewoonlik is dit een Hollandse en dan daarnaas een Franse naam. Dit het wel gebeur dat die Hugenote ook Hollandse name aan hulle gronde gegee het, soos b.v. Kleinbosch aan die plaas van die voorouers van Ds. S. J. du Toit. Ook werd die Hugenote later genoep om nie meer in hulle moedertaal te preek nie. Ons hoef nie hier verder in te gaan om aan te toon watter voordele behaal word op staatkundig, sedelik en sielkundig gebied om op hierdie manier verskillende nasies in een volk te laat smelt nie.

In 1806 werd die Kaap aan die Engelse oorhandig onder voorwaarde o.a. dat beide Engels en Hollandssprekende rasse op taalgebied dieselfde voorregte sal geniet. Nouweliks het 15 jaar verstrijk, of daar woon reeds 'n groot aantal Engelse setelaars in die Oostelike Provinsie van die Kaap. Gelukkig afgeskeie van die Hollandse bevolking; want sou die Engelse goewerneys dieselfde plan gevolg het als die Oost Indiese Kompanjie, dan was daar weer spoedig 'n nuwe verminging met 'n heel behoudende ras, wat bloedsuivas aan hulle taal geheg is. En had die Engelse goewerneys getrag om die agting en vertrouwe van die Afrikaners deur billikheid te wen, om hulle aan die oostelike grense die nodige beskerming te verleen en om ons taal volgens ooreenkoms te eerbiedig, dan sou ons geskiedenis-blaaie vandag anders geskrywe gewees het. Maar die onreg en trouweloosheid aan die sij van die goewerneys, wat deur Britse sendelinge aangehits werd het, hoe onaangenaam ook, begin om ons volk te hard en te harnas om ons te vorm tot wat ons vandag is en wat ons in die toekoms moet wees. Deur die verdrukking van Israël moes 'n Moses gebore word, wat die moed besit het om tot 'n verharde Farao te spreek. Die skreiende onreg deur Hare Britse Majesteits goewerneys in haar naam hier in Suidafrika gepleeg moes dien om 'n Piet Retief in lewe te roep om met 'n verharde Sir Andries Stockenström vir die regte van sij volk te pleit. Alles 'n voorbeskikking—dit moes so gebeur en geskied het! Anders waar het ons gestaan?

Toe het die son van ons nasionale ontwaking *vir die eerste maal* sij ligdolke in die duisternis van ons slapende harte ingepriem om die pijn van oorheersing en verdrukking te laat gevoel. *Die Nasionale Ontwaking is toe onder Retief gebore!*

Piet Retief is die Afrikaner van alle Afrikaners! Sij naam verdien die grootste standbeeld, of liever in sigself het die naam die grootste standbeeld in ons Afrikaanse harte!

Hij het die Britse gesag verlaat en vaarwel gesê, en met sij Groot Trek het hij in 1836 die Kolonie verlaat en is daarna die Drakensberge oor getrek om met sij bloed te verseël daardie dokument en dié land, wat later 'n Nabots Wijngaard geword het.

Heldebloed lê hier begrawe, of deur waters weggewas. Wie kan die *stem van bloed begrawe en versmoor*? En dis hierdie stem, wat nou die nasionale gevoel opwek.

Diegene, wat in die Kaap Kolonie agter gebly het, het geredeneer: "Ons is onder die Hollandse regering gebore, en die was nie in staat om ons uit die hande van Engeland te verlos nie, hoe sou ons handjie-vol dit kan doen? Die beste is maar om die magte, wat oor ons gestel is, onderdanig te wees." En daarop val hul weer in 'n nasionale slaap. Net een slag het hul "eina!" geroep, toe die bandietskip dreig Tafelbaai binne te seil—net om te wijs: die Afrikaner is nog nie dood nie, al slaap hij.

Ongeveer die jaar 1872 begin die geskryf in Afrikaans om die Bijbel in ons taal oor te sit. Dit wek voorstanders vir die Afrikaanse en Hollandse tale op. In 1875 het die Genootskap van Regte Afrikaners opgestaan en die basuin laat hoor: **VIR TAAL, NASIE EN LAND!** Baing wou voort slaap onder die kombers: alles wat Engels is, en die klank was toe te skril in hulle ore.

Omtrent die jaar 1879 werd 'n belasting deur die kaapse parlement op brandewijn gelê, waarteen die wijnboere 'n stem van onvergenoegdheid laat hoor het. 'n Beweging met die lange naam van **ZUID AFRIKAANCHE BOERENBESCHERMINGVEREENIGING** werd deur mnr. J. H. Hofmeyr (Onse Jan) tot stand gebring om die boere (meer in besonder die wijnboere) te beskerm. Maar die vereniging het nie getraak watter partij vir die parlement gekies word nie; want Art. 23 van die konstitusie lees als volg: De Zuid-Afrikaanse Boerenbeschermingvereniging zal zich niet inlaten met partij-staatkunde als zoodanig." Dit spreek vir sigself, dat die grootste Afrikanervereniging moet bekhou.

Kort daarop werd 'n ander afsonderlike Boervereniging in 1879 in Albert kiesafdeling onder die voormanskap van mnr. D. P. van den Heever (Oom Daantjie) gestig. Hierdie vereniging, wat Burgersdorp tot middelsetel gekies het, het die eerste sig met die nasionale ontwaking bemoei.

Kort hierop begin die "Patriot" die beginsels van 'n Afrikaner Bond, deur Ds. S. J. du Toit voorgestel, te verdedig. In hierdie saak het die ou Genootskap kragtig opgetree om dit met alle mag te ondersteun, wetende dat hulle hard moet werk. Die Bond sluit toe in alle Afrikaners wat Suidafrika hulle thuishemaak het, dus nie alleen die boer nie; maar ook ambaglui, professionele, koopmans en wie ook al. Maar dit het uitgesluit wat van hulle geboorteland praat als "home," "vaderland" en "Vaterland." En sluit ook in Vrijstaat en Transvaal. Deurdat die Afr. Bond deur die "Patriot" in Afrikaans verklaar en aanbeveel werd, was dit lig te begryp dat die teenstanders van Afrikaans nie te gretig was om die Bond met eens te omhels nie. Selfs Onse Jan vind die idee uitstekend *op papier*, dog het vrees uitgespreek dat dit in praktijk nie sal goed werk nie en hij gee redes daarvoor op, dog die "Patriot" het al daardie besware ontsenuw. Mnr. Hofmeyr het belowe liewer die Afr. Bond te ondersteun als om dit teen te werk; dog al die tijd werd takke van die Z.A. B.B. Vereniging op verskeie plekke in die Kaap Kolonie gestig.

Die allereerste Afrikaner Bonds Tak werd op die 16 Junie 1880 op die plaas Rooi-Dam van mnr. Jan Wiid in die distrik van Hope Town gestig. Daarop volg Calvinia en ander plekke. In die tijd van 'n jaar was die Bond die B.B. Vereniging voor.

Aangaande die taalkwessie het die Bond gouv 'n plan gevind om alle partije te bevredig. Vanaf 11 Aug. 1882 het "De Tolk" als Hollandse Bijvoegsel van die "Patriot" al die verslae van die Bond in Hollands gepubliseer. Verder sê die "Patriot" van die 20 Jan. 1882: "Ons stel Afrikaans nie as 'n eis nie; mar *eis vrijheid* daarvoor; omdat ons nie as "stomme" vergaderings wil bijwoon nie, waar ons wel iets kan *verstaan* mar nie kan saam *praat* nie. Dit sal dus goed wees as provinsiale besture hulle met die taalkwessie *nie dadelik en beslis inlaat nie.*"

In die Vrijstaat het die Bond goed voet gevat; spoedig was hoofregter Reitz en ander regters daarvan lede. Toe die Bond in Transvaal in 1880 vordering begin maak, het die Driemanskap (President Kruger, Generaal Joubert en President M. W. Pre-

torius) en andere invloedryke persone als lede toegetree. Dog die uitbreek van die Vrijheidsoorlog teen die einde van 1880 het die voortgang belet. Dog na die oorlog het die Afrikaner Bond sterk veld gewen onder die wakkere leiding van Mnr. Jacob Midde van Dalmanûtha. Die "Volkstem" het die beweging in Transvaal, en die "Express" in die Vrijstaat verdedig. Nou bij daardie tyd het die Afrikaner Bond 'n *mag* oor heel Suidafrika geword, sij lewenskrag egter het hij op die slagvelde van Laings Nek, Ingogo en Majuba ontvang. Die heldemoed van die Afrikaner daar aan die dag gelê, het die sluise van nasionale ontwaking oopgetrek; want die volk werd daarvoor intijds rijp gemaak, sodat die verrassing nie als 'n onweerslag op hulle gekom het nie.

Aangesien die Boerebeskermingvereniging nie geheel aan die vereiste van 'n nasionale ontwaking en lewe beantwoord het nie, werd sij voortgang verslap, vergaderings werd op baing plekke nie gereëld gehou nie, of soms glad nie meer nie, terwijl die Bond besig was om kiesers geregistreerd te krij en druk besig was bij parlaments verkiesings. So was daar gin beter weg vir die B.B. Vereniging oor als om met die Bond te verenig wat ook in 1882 te Cradock op 'n Nasionale Kongres geskied het.

HOOFSTUK XIV.

OORSAKE VAN TEENSTAND.

Ons het dikwels tevore geleentheid gehad om melding te maak wat die ou Genootskap moes verduur, dog het nooit geleentheid kon vind om die oorsake van teenstand te bespreek nie.

Van Engelse sij moes teenstand verwag word, omdat bevoor-dering van Afrikaans als skryftaal nie juis Engels hier in Suidafrika als landstaal sal bevorder nie.

Die kerk, wat Hollands als kerktal aangeneem het, het hul danig bejwer om water aan te dra om die ontvlammende vuur uit te blus. Die oorsaak van hulle teenstand werd aan twee bronne ontleen. Eerstens het hul gemeen dat als hul Afrikaans die been breek, dan kan Hollands soveel gemakliker voorblij; want Afrikaans als moedertal van ons volk was kombuistaal en te plat om in enige vergadering gebruik te word. Tweedens omdat die "Patriot" nie ontsien het om teen die insluipende verengelsing van die kerk in daardie dae sij stem te verhef nie, en ook oor die louwheid en halfhartigheid van die kerk waarmee hulle, so te sê, niks vir Hollands gedoen het nie. Die predikante het toe almaal Hoog Hollands gespreek, wat nie dieselfde soete klank in die ore van die huisgesinne van sij gemeente en in die ore van 'n heilbegerige sterwende was als Afrikaans nie. Stel u voor, leser, 'n predikant aan die sponde van 'n siekbed waarop 'n kindjie blekies en met droë lippies uitgeput lê en hoor hoe die trooster so 'n lam in Hoog Hollands aanspreek. Dit was teen sulke en andere gewoontes waarteen die "Patriot" warm opgetree het. Raakskote gee meer pijn als misskote, en dit het die kerk en sinode seerge-maak. Die "Patriot" het nie gestuit nie en volgehou. Als een iemand se sonde, so te sê, met die vinger aanwijs, dan moet hij ook verdra als hom sij eie swakhede deur ander onder die oog gebring word; want niemand is hier op aarde volmaak nie. Hoe

kan ons kerk, ewe als die Paus, onfeilbaar wees? Luther het lelik moes wegkruip, toe hij die foute van die kerk aangewijs het, en die "Patriot" het baing banne oor sig hoor uitspreek. Laat ons slegs een aanhaling uit die "Patriot" van 20 Juni 1879 gebruik om te toon dat die blad nie vir sij gevoele gestuit het nie.

Die "Volksblad" stel 'n Hollandse vereniging voor; die "Patriot" wijs daarop dat so 'n vereniging reeds bestaan, dog vra of die "Volksblad" 'n beter een kan voorstel; waarop die laaste antwoord, waarom nie vir Stellenbosch vra nie, wat daarnaar streef om 'n S.A. Athenaeum te word. Hierop antwoord die "Patriot" toe en sê: "As so 'n beweging van Stellenbos moet uitgaan dat daar dan nooit wat van tereg kan kom nie. Wel te verstaan; ons spreek nie van die Stellenbosse *publiek* nie, die is Afrikaans-gesind genoeg. Ons weet ook dat vele van die *jongelinge*, wat op Stellenbos studeer, sal samewerk als die saak eenmaal goed aangevat word . . . ; maar dit verwonder ons hard dat onse tijdgenoot dit nou juis van Stellenbos en die *getabberde vadere* wil hê, daar dit tog o'erbekend is, dat die Skotse element hier bowedrijf en van die kant eer 'n genootskap tot verspreiding van Engels as een tot behoud van Hollands te wagte is."

Dan weer, daar is altyd mense wat iets nuwts teenwerk, sonder eers te ondersoek of daar iets goeds in skuil. Ook dwepers laat sig nie gemaklik oortuie nie. Gebrek aan vooruitsien speel ook 'n vername rol bij baing, terwyl hier en daar kleingeestigheid en vooroordeel in spel was.

Dog die eintlike oorsaak van teenstand kon terug gespoor word tot bij *die oog*. Die *oog* werd gehinder en nie die *oor* nie.

Toe die taalstrijd op sij heftigste onder die spervuur van geleerdes en kamma-geleerdes moes deurdrif, het so menig een uitgeroep: "Nou ek sê jou, ek praat nie soos die "Patriot" skrijwe nie!" Haal 'n potlood uit die sak en teken dieselfde gebesigde woorde op, net soos die teenstander die gebruik het, wijs hom watter woorde hij gepraat het en vra: "Praat jij dan anders al die "Patriot" skrijf?" Na hij die woorde in geskriif onder sij oë beskouw het, verfrommel hij dit of skeur die papier

woedend stukkend en merk op: "Al praat ek so, dan het ek nog nie nodig om só te skrywe nie."

Dit is 'n bewijs dat sij oor geheel versoen was met die klanke van Afrikaans; maar die oog wil die klanke nie in lettertekens op papier uitgebeeld sien nie. Baing gaan van die gedagte uit: daar is maar net *een manier* om die gedagte in woorde uit te druk, en daar is maar net *een reël* hoe die woorde te spelle. Word daarvan afgewijk, dan is dit onteensprekelyk verkeerd—en verkeerd blij dit totdat hij weer naar die ou verspoelde paaie teruggegaan het. Mense, wat nie gewend is om vir hulle self iets uit te dink nie, is tog te geneë om dit aan andere oor te laat. Wijk so een te ver uit die koers weg, waarin die persone iets gesoek het, dan blij hul onbeweeglik vas en klem steeds aan ou verroeste stelsels vas omdat die vir sovele jare, en nou nog, deur hom en ander als goed beskou word.

Hierdie gewigtige punt mog die ou Genootskap nie dadelik oor die hoof sien nie, en hul moes vereers ook naar die oog skik. Daarom het hul hulle spelreels in die begin op Hollandse wijze geskoei.

Nog 'n ander treffende voorbeeld kan in die midde gebring word, hoe die oog gehinder werd. Wanneer in daardie dae oor die gebeurtenisse van die dag gesels word, en iemand haal 'n "Patriot" uit sij sak en lees die een en ander daaruit voor, dan sal die teenstanders net so aandagtig naar die voorgelesene sit en luister als die voorstanders en sal saam die inhoud bedaard bespreek. Maar vra die teenstander om 'n stukkie uit gemelde blad voor te lees en hoor dan naar die onvrindelike aanmerkings wat gemaak werd! Of als hij sig daartoe laat beweeg om voor te lees, let op watter mond hij ekspres trek, of luister hoe hij met opset die woorde plat en verdraaid uitspreek?

Maar dit het gegaan net soos dit eens met Koos gegaan het: hij het sij portret laat afneem en was bitter ontevrede toe hij dit ontvang, seggende dat hij tog nie só lijk nie. Waarop oom Christian, sij pa, aanmerk: "Ag Koos, sit dit maar in die album, jij sal dit tog later goed vind." En werkelyk Koos het die portret

naderhand nie so sleg gevind nie, en het 'n tyd daarna nog meer afdrukke bestel.

Na verloop van jare het die teenstanders slegs opgemerk als hul Afrikaans lees: "Ek kan maar nie met die taal reg kom nie, ofskoon ek dit nou al beter kan lees en verstaan."

Maar jong mense en kinders is gek naar stories en wen sig gouw 'n nuwe manier van skrywe of vertelling aan, en so het van tyd tot tyd Afrikaanse geskifte onder die aandag van die jonger geslag gekom en die kinders, waaronder bekwame taalgeleerdes vandag sig bevind, is geword die jonger en volbloedige voortplanters van Afrikaans in geskrif.

Maar hulle oë word ook nog soms gehinder.

Lees hoe die spelreëls van die Afrikaanse Taal Vereniging van Stellenbosch begin:—

"Die kommissie, aan wie die Taalkongres dit opgedra het om die Afrikaanse Spelreëls op te stel, moes sig meer of min deur twee beginsels laat betoel:

"(1) *Respekteer die oog.* Als die spelling van 'n woord te veel afwijk van die gebruikelike spelling, dan *lijk so 'n woord onnodig vreemd en skok nie alleen die leser nie; maar kan ook misverstand veroorsaak.* Daarom het ons probeer soveel moegelik bij die Vereenvoudigde Nederlandse Spelwijze te blij."

Dus hieruit blyk dadelik dat Afrikaanse woorde soos *vollens, wanner, mar*, moet wegval—al spreek al die Afrikaners dit so uit—net om daarvoor die Hollandse woorde: *volgens, wanneer, maar*, in plaas te stel. En waar is: die te-veel-afwijk bij sommige woorde bestaan net maar in *een letter* soos in *as vir als*.

Dan nog, soos ons tevore opgemerk het, het die nuwe beweging die *f* en *v*, *ei* en *ij*, en die *ie* behou vir gin ander rede nie als net om die oog te behae, sonder in aanmerking te neem hoe veel swaarder hul die spelling van Afrikaans daardeur gemaak het. Die *f* hinder in *flooi* maar nie in *fooi* nie, in *fak* maar nie in *fakkel* nie, in *fis* maar nie in *fiskaal* nie. Het die *ii* in die naam Jan Wiid (waar die eerste Tak [^] Bond gestig werd) ooit iemand gehinder?

In hierdie opsig was die ou Genootskap meer voortstrewend als die nuwe beweging, wat nog baing behoudend te werk gaan. 'n Taal in die ore van 'n blinde is net so hartroerend als dit vir ander welgeskape persone klink. Maar 'n taal op papier vir 'n doofstomme uitgebeeld, het baing van die aandoening vir die blinde verloor. Dus, die krag, die aangrypvermoë van 'n taal lê in sijn klank en nie so seer in dieselfde mate in geskrif nie, en dus moet meer aandag aan die gehoor als aan die lettertekens gewij word. En nogmaals herhaal ons dat 'n skryftaal, wat te veel van die spreektaal afwijk 'n dooie taal, word wat gin meegevoel met die siel van die volk het nie. Dus respekteer meer die oor als die oog was die opvatting van die ou Genootskap.

HOOFSTUK XV.

DIGTERS EN RIJMERS.

Dit is ons hier nie te doen om als beoordelaar op te tree en 'n opinie uit te spreek omtrent die voortbrengsels van die eerste digters en rijmers nie; maar wel om die invloed op die taalbeweging na te gaan.

Wanneer die lig en warmte van 'n opgaande son die duisternis en koue van die nag verdrijwe, dan bars die voëls uit in wel-luidende en onwelluidende gefluit en gesang. Waarom? Omdat die nuwe ontwaking in hulle boesems en die verrukkende gewaarwordinge om hulle heen die koorde van swije ontketen het en omdat die jaargetij van minnesang aangebreek is. So ook was dit met ons volk. Hulle was ingesluit in 'n nag van nasionale slaap, toe hul gin taal had om hulle gedagtes in neer te skrywe nie—Afrikaans was nie erken nie, Hollands het hul wel kan verstaan; maar sig nie daarin kan uitdruk nie, en Engels was vir hulle totaal vreemd of onbekend. Maar die eerste liedere van die beste sangvoëls, vertolk in die begin nie hulle helderste klanke nie.

Groot digters tree eers op die voorgrond als die pad vir hulle voorat skoongemaak is.

Toe die "Patriot" uitroep en almaal uitnoui "kom! ons skryf soos ons praat!" toe gaan die tonge los van voëls, wat nooit tevore gesing het nie. Maar waar die hart van vol is loop die mond van oor. Toe wil almaal sing "van Generaal Joubert af tot die skaapwagter toe," soos mnr. Hoogenhout dit uitgedruk het. Daar is min mense wat nie op een of ander geleentheid hulle hand aan 'n rijmpie gewaag het nie en het miskien hard getrag om dit in druk te sien. Waarom? Omdat hij behoefte had om te sing, hetsij om sij liefde te vertolk, of sij smart te beween, of om sij eie geestigheid en vrolike hart te bevredig!

Dit is presies die posiesie van ons mense, wat uit 'n gevangenis, waarin hul gebore is, verlos werd. Op skool had hul wel eenvoudige "versies" geleer; maar wat eintlik die *siel van 'n ware digstuk* is het die arme onbevoorregtes nooit geleer nie. Laat iemand ook die musikale talent van 'n van Beethoven besit, of die digterlike gees van 'n Shakespeare, of wie ook al, en hij het nie die vereiste opleiding gehad om die te ontwikkel nie, dan moet hij altijd 'n *ongeoefende kunstenaar blij*. En so was dit ook die geval met die eerste Afrikaanse digters.

So ongeoefend als hul was, so gewillig was hulle ook om hulle aandeel bij te dra om lewe in die taalbeweging te giet. Daardie selfde "rijmpies" het die oë van baing geopen en hulle voorstanders gemaak. Baing van daardie "rijmpies" het kouwater op die gloed van Engels-gesindheid gewerp; want in 'n plat "rijmpie" kan jij iemand net goed die kop was, sonder dat hij kwaad word maar dat hij hom tog tot binne in sij siel skaam.

Dit het hulle gedoen en nog meer! Hulle het voedsel vir die menigte gelewer. Laat die gedagte gaan en dink aan die ganse bevolking en vra: Hoeveel is daar wat aan taalstudie deelgeneem het; hoeveel aan middelbaar onderwijs en hoeveel aan laer onderwijs? In die antwoord sal ons vind, dat die eerste getal die kleinste en die laaste die grootste is. En dan is die geneigdheid daar, om meer vir die kleiner als vir die groter getal te sôre, alsof diegene wat laer onderwijs geniet het nie in die geselskap hoort

en moet gereken word nie. Als die mensdom ongeveer wil antwoord en vertel hoeveel die taal van die groot digters van hulle land, en hoeveel die diepsinnige gedagtes van die diepdinkers verstaan, dan sal hul net moet napraat wat geleerdes daarvan vertel: Dit is presies die geval als met musiek; hoeveel kan voel wat in klassieke musiek sit? Kuns is skoon, kuns is verhewe, kuns is edel en bo-aards; maar dit neem 'n kunstenaar om kunsstukke te waardeer. En dis daarom dat die grootste gros net baing van 'n goeie "rijmpie" denk want dit klink in hulle ore nes die Walse van Strauss en nie nes die Sonatas van Beethoven nie.

HOOFSTUK XVI.

VERSKILLE IN ONS SPREEKTAAL.

Ook hier sou ons verlore Aantekenboek ons van groot nut kon gewees het; want daarin was veel oor die kleine verskille in ons taal opgeteken. Gelukkig besit ons 'n taal, wat so te sê, eenders oor die hele land gespreek word. In die meeste gevalle lê die verskil, waarop dieselfde woord in verskillende gewestes uitgespreek word meer in die klank als in die gebruik van die woord self, en dit in sigself raak nie die skryftaal direk nie. Dog hier en daar bestaan wel verskil in die woorde, wat dus die skryftaal direk aangaat.

Laat ons met die Boland begin. Hier spreek die mense gewoonlik duidelik en lewendig, meer als in enig ander deel van Suidafrika. Die bevolking van Caledon, Koeberg, Swartland, Piketberg, Clanwilliam brei kliphard, terwyl die distrikte van Stellenbosch, Paarl, Tulbagh en Worcester sig daar minder aan skuldig maak, tog, krap hulle effentjies aan die letter R. Kaapstad se manier van praat verskil die meeste van die ander dele van die Boland, veral onder die gekleurdes wat graag die sagte

a in plaas van e gebruik in sulke woorde als *gawies* (gewees), *nodag* (nodig) en baing gebruik ei in plaas van ui in sulke woorde als *beite* (buite) *eiwe* (uie). Soos ons reeds opgemerk het, word dit meestal deur die gekleurdes gedoen, daarom verwonder dit ons dat die opstellers van die Spelreëls van sulke onbeduidende gevalle notiesie geneem het, alsof dit nogal algemeen die geval oor die hele land sou wees.

Die Boland besit sijn eienaardige uitdrukkings soos: "Hij kom met die pad saam." "Hij kom dalkies" d.w.s. netnou. "Hij was strakkies hier"—almaal gesegdes wat selde in ander dele gehoor word. Dit val nie moeilik om te gis nie dat die drie opstellers van die Akademiese Woordelijs drie Bolanders is, wat binne 'n geringe afstand van mekaar gebore was. Sorgvuldig het hul die bolandse name nie vergeet nie, terwyl die van die binnelande in baing gevalle agterweë gebly het. So werd aan Griekwaland nie gedink nie, terwyl die doktors aan Griekeland gedink het. Die benaminge vir die bolandse spele (vir groot en klein) het goed aan die beurt gekom, terwyl aan die jag-en Trekbenaminge, wat so eg Afrikaans is, min aandag bestee is. Dit was dieselfde geval met die "Patriot" en "Ons Klijntjie," wat degelik met die bolandse verfkwas geskilder was. Selfs so, dat Dr. Lydia van Niekerk in haar Proefskrif op bls. 192 moes aanmerk: "Daarbij kwam nog, dat de taal van sommige voorstanders te speciaal Paarl gekleurd was"—dit was 'n steek ook op skrywer hiervan gemunt. Dit is nou eenmaal so: 'n voël sing soos hij gebek is—hij doen dit nie met opset nie; maar dis 'n drang geword.

Ons het flussies die distrikte opgenoem waar skerp gebrei (Holl. brouwen) word. Maar selfs in die manier van brei is 'n Caledoner maklik te onderskei van 'n Clanwilliamer, of 'n Swartlander. Hierbij sal ons nie stil staan nie, omdat dit die skryftaal nie raak nie. Maar Clanwilliam sal woorde gebruik wat Caledon, of Koeberg anders noem. So het ons reeds die geval van "dotter" vir "stinkblaar" aangehaal. Die voëltjies watte Agter Paarl bekend is als "soutvatjie" noem die Clanwilliamers "dirk-dirkie," naar die geluid wat hij maak. Ons sal

maar nie meer voorbeelde gee nie. Suid Piketberg volg die spreekwijse van Tulbagh en nie van Swartland (Malmesbury) nie. Noord Piketberg (die Sandveld) volg Clanwilliam en westelike Bokveld. Maar tog is daar 'n seer geringe invloed van Calvinia. Waar die Bolander sê: "Piet hulle was hier," sê die mense van Clanwilliam: "Piet-goed was hier." Ook krij die letter J in laasgenoemde plek effe 'n sagte, bijna onhoorbaar, neusklank, so spreek hul die naam Johnnie bijna soos Yohnnie uit.

Maar Namakwaland, Boesmanland en Agter Hamtam veral lewer die swakste Afrikaans op.—Te wijte aan verwaarlosing in vroeëre jare van die mense deur kerk en staat, terwyl hul in gedurige aanraking is met Griekwas en Hotnots, wat 'n lae plat, halfbarbaarse taalvorm van Afrikaans praat. Maar met dit al, is die Namakwalander se spraak gemaklik verstaanbaar aan 'n ieder wat Afrikaans ken. Want hij gebruik dieselfde woorde en uitdrukkings; maar net in gewijsigde vorm. Hij besit baing Germaanse woorde van sij eie maaksel, wat wonderlik vreemd klink, soos breekgeslaan. Met die woord geuskinners (guskinners) bedoel hij die ongetrouwdes. Vir baing name vir voorwerpe, plante, of diertjies het hij nie die moeite gedoen om 'n Afrikaanse naam te gee nie en bedien hom met die hotnot-, of griekwabenaming. Iemand, wat 'n behae skeep in taalstudie, sal voorwaar in hierdie streke baing van belang vind. Maar o, die griekwataal bevat woorde, waarvan iemand in sij benouwdste drome nie gehoor het nie, soos "Ek het ge-oer (oorheen geskiet), ge-tekort (te kort geskiet), ge-verbij (verbij gehol) ens. Uitdrukkings soos "hulle se goed" word nogal dikwels hier gehoor. Dan ook die duwwelde verkleinwoordjies, soos koppietjie, klip-pietjie, pruiimpietjie, vissietjie. En om dit nog kleiner te maak word die woord "klein" daarvoor geplaas: "'n klein kap-pietjie." Dis glo, om die mense ver van dorpe, spaarsaam moet lewe sodat alles op sij kleinste gemeet en gepas moet word. Suid Calvinia, Bokveld, Roggeveld het bepaald 'n beter spraakwijse, wat nie veel van die van die Karroo en Koup verskil nie. Die Karroo-boer spreek nie so vlug als die Bolander nie. Hij verskil ook in sij woordekeus, wat saamval met die van Vrijstaat en

Transvaal. So hoor ons nog soms bij die ou mense die verslijte vorm van die verlede tijd van staan en begin nl. stong en begos—dit tref 'n mens soms ook in Transvaal en Vrijstaat aan. Die verwisselde gebruik en betekenis van die woorde “kan” en “ken,” wat algemeen in Transvaal is, tref 'n mens van Calvinia af aan. In plaas van te sê: “Ek ken die man, wat dit kan doen” sê hul: “Ek *kan* die man, wat dit *ken* doen.” Die woord “ok” vir die bolandse “oek” (Holl. ook) word algemeen gebruik van af die Karroo tot in Transvaal. Ook Namaqualand sê: “Ja, ek *kan* daardie man goed.” Oudtshoorn gebruik die woord “oek” nes in die Boland.

Die inwoners van die ooste grens en suidooste kus distrikte van die Kaap het 'n manier van praat wat tussen die van die Boland en die binneland val. Ofskoon grensbewoners tussen die kaffers woon, het die kafferelement geringe invloed. Hulle praat ook van “baia, baja.” 'n Kaffer kan nie twee medeklinkers te same uitspreek nie en is geneë òf een daarvan geheel weg te laat òf 'n klinker tussen in te las, so gooi die kaffer die ng in hierdie geval in die woord baing weg en plaas daarvoor 'n a in die plek—al sal sij baas ook die woord baing gebruik. Of hij spreek dit uit als baya. Ons meen nie die afleiding van die woord baja op hierdie manier te vind nie; maar dit is opvallend dat dit net in die spreektaal voorkom, waar kaffers woon.

Die suidooste dele van die Kaap had ons nie die voorreg gehad om die deur te reis nie; dus ag ons ons onbevoeg om daaromtrent iets mee te deel.

Die Vrijstaatse manier van praat is ongeveer, indien nie heelmaal, dieselfde als die van Transvaal. Dit is dus net die Boland wat die meeste van die ander dele van die Unie afwijk en tog het die Boland die grootste invloed in die Woordelijs gekrij. Nege uit die tien Afrikaners sê: bobbejaan en nie bobejaan nie, krokkedel en nie krokedil nie, misskiet en nie moskiet nie ens.

Ons sê weer hier dieselfde als onder die Indeling “Keus van Woorde” dat die geskikste Woordelijs, wat opgetrek kan word, alleen moontlik word deur bespreking op 'n Taalkongres en dan moet sulks deur die meerderheid van stemme beslis word.

HOOFSTUK XVII.

DIE VRUG VAN DIE ARBEID.

Met 'n seker mate van tevredenheid kan die ou Genootskap terug sien op wat deur hulle direk en indirek tot stand gebring is. Direk het hul die volk leer lees en skrywe, respek vir Afrikaans opgewek en het die loop van die taalbeweging in hande van bekwame jonger strijers geplaas wat daarvoor toebereid was deur lees van geskifte uit die ou beweging. In hulle Voorwoord tot die Afrikaanse Woordelys verklaar die drie professore, Dr. T. H. le Roux, Dr. D. F. Malherbe en Dr. Joh. J. Smith als volg:

“Na aanleiding van die vordering, wat Afrikaans in die laatstê jare gemaak het, het een uit die ou taalgarde hom onlangs op die volgende wyse uitgedruk: Dis tog maar waar, die een sal saai en die ander sal maai. So is dit. Hierdie woordelys en hierdie spelreëls is die *vrug van die werksaamhede* van die taalpioniers, die lede van die GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS.”

Ons dank die drie Professore vir die blyk van erkenning en kan met Luther namens die lede van die Genootskap sê: “Ek is oorbeloond wanneer mij ook maar *een enkel* persoon vir 'n getrouwe arbeider erken.”

Wat die Woordelys self betref, mis die ou Genootskap daarin baing van hulle geliefkoosde en suiwer Afrikaanse woorde, wat vir ander moes wijk; dog aan die ander kant is dit 'n groot verbetering op die vasstel van die gebruik van die verlede deelwoorde. Ook is die spelling van sommige woorde beter als vroeër. Maar die Genootskap het nie 'n plesier aan soveel vreemde woorde (taalkriekies) gehad nie. Dog hoe dit ook al mog wees, niemand

is meer oortuig van die onvolmaaktheid van die *eerste woordelijs* als die drie dokters self nie. En met reg kan hul aan 'n ontevrede-ene vra: "Sien jii kans om uit die staanspoor 'n volmaakte lijs op te trek?"

Van die sij van die Genootskap word aangekijk hoe sommige persone sig oor die eerste Woordelijs uitlaat. Mag hul die drie opstellers nog meer roskam, net om hulle 'n bietjie te laat voel hoe ondank vir goeddoen smaak—meer in besonder wat die taalbeweging betref. Als iemand 'n skijf word, skiet almaal op hom.

Die ou beweging het 'n stewige fondament onder die later opbouw van die taal ingeskuif. Tussen die ruw klippe moes hul die geskikste bouwstene uitsoek. Vir ruw werk het min lus; maar die troos is daar: dit is reeds verrig. In daardie tijd het die taalgeleerdes nie 'n handjie wou bijsit nie en ons word sommer jaloers dat die ou Genootskap nie soveel taalgeleerdes tot hulle hulp had nie als, wat teenswoordig die beweging voortsit.

Wat die pennevrug uit daardie tijd betref, het ons bij 'n vorige geleentheid erken dat die Eerste Skrywers nie hoog korrel gevat het nie en die redes daarvoor het ons ook aangehaal. Vir ingewikkelde Afrikaanse geskifte was daar gin ruimte nie, dog alles moes eenvoudig en kort, en dan nog boonop goedkoop wees! Dit verklaar die rede waarom die "Patriot" Drukkerij klein en goedkoop boekies uitgegee het.

Die tijd vir roman geskrif het toe nog nie aangebreek nie en daarom het "Die Sewe Duiwels" van Ds. Jan Lion Cachet, die Koningin van Skeba van Ds. S. J. du Toit en ander verhale eers in die "Patriot" en "Ons Klijntjie" verskijn. In ons kinderjare was daar 'n boek in eenvoudig Hollands geskrijwe deur 'n naamlose skrijwer (Parisius egter was die persoon). Daardie boek, "Het Volksleesboek," het kort stukkies oor allerlei onderwerpe bevat en was destijds die gewildste leesboek en tog het dit maar 'n betrekkelike beperkte verspreiding gehad.

Die skrijwer hiervan het hom altijd tevrede gestel om bijdrae aan koerante en tijdskrifte vanaf 1876 tot nou te stuur. Hij het hom voorgeneem om gin boek uit sij pen te laat verskijn nie al-

vorens hij 50 jare agter die rug had. Intussen het hij hom op Afrikaanse taalstudie toegelê—nie met die doel om Afrikaans, uit die letter van vreemde tale te bestudeer nie; maar wel uit die taal self. Met dit al ken hij tot vandag nie Afrikaans soos hij dit wens nie. Met skrywe vir die pers, en nie vir boeke nie, word die skrywer enigssins aan bande gelê, want ieder blad het sijn eie woordekeus en eie wijze van spelling gevolg.

Hierdie invloed van die redaksie het baing van die ou skrywers ook gevoel. En dit is gebeurlik dat die redakteur 'n seker woord in 'n bepaalde kring op een manier hoor uitspreek, en dit oefen bij hom 'n seker invloed uit en hij meen dat hij reg is, en betwis iemand die saak met hom, dan roep hij enige persone uit sijn eie omgewing in, wat kom bevestig wat die redaksie beweert, terwijl in sulke gevalle die ander gedeeltes—hoe groot en uitgebreid ook—buite beskouing gehou word. Op hierdie manier is dit nie altijd duidelik watter woorde en spelling 'n seker skrywer gevolg het nie. In ons eie geval het ons nooit van sulke woorde als v'r, g'n, s'n gehou nie; want gin klank of woord kan sonder hulp van 'n klinker te voorskijn gebring word nie. Als ons vir, gin, sin geskrywe het, moet ons dit onder die ou beweging ver, gen, sijn in druk sien, terwijl die nuwe weer v'r, g'n, s'n geskrywe het, wat ons altijd beskou het als om vol eiers deur leë doppe te vervang.

Hieruit is dus duidelik af te lei dat die vrug, sowel van die oue als die nuwe beweging, afkomstig is van 'n boom wat aan die snoeimes van die redaksie onderhewig was, dus die opvatting net maar van enige persone.

Aangaande die leerboekies deur die ou Genootskap versprei, werd vireers meer op die aanskouwelijke sijn van die onderwerpe gelet als op die ware of redeneerkundige kant. So leer 'n kind vandag nog dat die son opkom en ondergaan, dat ieder maand daar 'n nuwe maan is, dat 'n pomp *water opsuig*. Geleidelik word hom vertel: nee, dis nie heelmaal die geval nie, die aarde het 'n aswenteling *presies* in 24 uur en die son is 'n *vaste punt*, die maan ontvang sijn lig van die son en ieder maand sien ons die *skaduwee kant* van die maan, 'n pomp suig nie *die water* op nie

maar wel die *lug*, wat in die pijp is en deur lugdrukking rijs die water vanself. Later word weer gesê dat dit nie al is nie: die aarde het 'n aswenteling van 23 uur 56 minute en nie van 24 uur nie. Want 4 minute gaan daarmee heen weëns die beweging van die aarde in sij eie loopbaan om die son. Ook die son is nie 'n *vaste punt* nie; maar *beweeg* met sij eie planeetstelstel om 'n groter son, wat wellig ook in beweging is.

Volgens die wetenskap is dus die eerste boekies verkeerd, en net die laaste, vir hoër onderwijs, reg. Maar wie is so dwaas om 'n kind met hoër onderwijs in laer klasse vol te stop?

Dus werd op aanskouwelijke wijze aan 'n kind voorgestel dat 'n sin uit woorde bestaan, die woorde uit lettergrepe en die lettergrepe uit letters, waarvan een of meer klinkers moet wees. Die rekenboekies was ook in vatbare wijze opgestel. Die geskiedenis moes 'n soort van twisskrif of wederlegging-geskrijf gewees het om die toestande van die tijd te bevredig; want wat werd nie die arme kind in daardie dae alles op skool wijs gemaak nie!

Die gedigte en rijmpies, soos ons tevore vermeld het, was uitinge van vreugde en smart, van liefde en spot. Niemand het daarin gaan droom nie; want hulle het voor 'n tasbare berg van gewaarwordinge gestaan:—wat in die hart was, moes daaruit en daar was reeds te veel in, sodat verbeelding, droombeelde en voorstellings daarin gin ruimte kon vind nie. Die storm moes eers afblaas.

Ten slotte sal ons 'n korte oorsig gee wat als vrug van die eerste beweging kan beskou word:—

1e. Die bewering, dat die ou Genootskap ons verwaarloosde landgenote leer lees en skrywe het, word gestaaf deur die feit dat hul tot 1909 152,000 boeke versprei het. Dit beteken dat hul drie, vier maal soveel lesers daarvoor gevind het; want daar is meer leners als kopers van boeke—vernaamlik ver van dorpe. Die "Patriot" het gemiddeld 3,000 koerante per week onder die mense versprei, dus ook sowat 156,000 koerant leesstof per jaar verskaf. En daar dit die meesgelese blad was, het hij dus meer lesers als intekenare gehad. "Ons Klijntjie" en later

“ Ons Taal ” had sowat 2,000 intekenare en gevolglik minstens 'n 5,000 lesers.

2e. Dit het die tweede beweging moontlik gemaak. (Hieroor meer in die volgende Indeling.)

3e. Vooroordeel werd lam geslaan, sodat daardeur teenstanders in voorstanders verander het. Dat Afrikaans tans die steun van die kerk geniet sê veel, en ook dat dit in die Provinsiale Rade, politieke liggame en skole als taal erken word sê baie en moet als 'n bepaalde oorwinning van altwee beweginge beskou word.

4e. Die Genootskap het die grondslag gelê om Afrikaans as skryftaal te gebruik.

5e. Hulle het Hollands direk en indirek in Suidafrika bevorder en help bevorder.

6e. Deur dat die “ Patriot ” die Bond se orgaan was, had hij die volksleiers aan Afrikaans gewen en die meeste van hul tot voorstanders van die taal gemaak. Dit beteken baie.

7e. Onder invloed van die ou beweging het skrywers en digters te voorskijn getree, wat anders hul nooit sal laat hoor het nie; want Hollands was nie die taal van hulle gedagtes nie.

8e. Hulle het die basuin tot nasionale ontwaking helder en duidelik laat klink. En het hul daardie geskikste tijd laat verby glip, wie weet, watter wending daar sou gekom het deur die gesus: “ wees die magte oor u gesteld in ALLES gehoorsaam,” of die druk billik of onbillik is. Die “ Patriot ” was die enigste koerant wat aan Transvaal gedurende die Engelse tussen-regering lijdelyk verset aangeraai het. In daardie tijd werd die blad nog meer gelees en orals het bure saamgemaak om naar die veraf geleë poskantore te stuur om die “ Patriotte ” daar te gaan ontvang.

HOOFSTUK XVIII.

DIE OUE EN NUWE TAALBEWEGINGS.

Heellig sal dit van ons verwag word om iets omtrent die verhoudings van die twee bewegings tot elkaar te sê. En ons begin al dadelik om te beweer dat die nuwe beweging nie daar sal gewees het als die oue nie daar was nie; en dat die hele beweging misskien sal doodgeloop het, als die nuwe dit nie hervat het nie.

Om ons bewering te staaf en te bewijs, moet ons ieder beweging afsonderlik behandel en die tijd van hulle geboortes noukeurig bespreek en dan ag slaan op die toestande wat toe en daarna geheers het.

Die ou beweging kon gin beter tydperk in ons geskiedenis gekies het nie als die jaar 1875. Reeds het ons meegedeel dat ons volk destijds in 'n diepe slaap op nasionaal gebied geval het. Die geweldige teenstand, wat die ou Genootskap ondervind het, was giftig. Maar tog nie dodelik nie. Toe die verstikkende maatreëls later toegepas werd, het die taalbeweging reeds 'n mag in die land geword.

Mnr. J. H. Hofmeyr (Onse Jan) was 'n voorstander van Hollands. Hij het hom *onsijdig* omtrent Afrikaans gehou. Dis nie te sê, dat hij Afrikaans als skryftaal wou bevorder nie. Wat die Genootskap bekend geword het omtrent sij gevoele om Afrikaans als skryftaal te bevorder, moet vir altijd die geheime eien-dom van die lede van gesegde genootskap blij. Hij egter was te verstandig om 'n volkssaak met krag teen te werk. Hij het met al sij staatkundige ondernemings nie die voortouw gevat nie; maar was steeds die geheime raadgewer hoe om die saak aan te pak. Dus was van sij kant nie direk die leiding te wagte nie. Soos ons reeds gesien het, het hij die kerk van die tijd met Hollands gesteun. En die kerk was bitter teen Afrikaans als skryftaal.

Wat die taalbeweging later die doodsteek kon gegee het, was die Vereenvoudigde Hollandse Spelling, wat deur Dr. Viljoen hier in Suidafrika ingevoer werd. Dog toe hij met sij vereenvoudiging van Hollands begin, toe was die Afrikaanse Taalbeweging reeds te sterk. Die jongere taalgeleerdes het hul toe reeds in die arms van Afrikaans gewerp. Maar was die ou beweging nie so ver gevorder nie, dan sou die jongere vaster aan die Vereenvoudigde Hollands geklem het; want die bitter teenstand, wat die ou Genootskap ondervind het, was juis van sogenaamd geleerde sij.

Met manne, soos mnr. J. H. Hofmeyr en Dr. Viljoen, wat die steun van die ganse kerk had, sou dit moeiliker gegaan het om te veg, als die ou Genootskap nie reeds die steun van die bevolking en die jongere geleerdes geniet het nie.

So was Prof. Joh. J. Smith volkome gregvaardig toe hij verklaar het dat die nuwe beweging deur die oue moontlik gemaak werd. Hij het hom aldus uitgedruk: "aan wie (die geharde strijers) dit te danke is dat die bestaan van 'n Afrikaanse Taalbeweging vandag *moontlik* is."

Dr. W. M. R. Malherbe (Die Brandwag) het weer gesê: "Dit is tog wonderlik waarheen so 'n klein begin moes gelei het; want sonder daardie begin, wie weet, wáár ons vandag nog moes *gesukkel* het."

Van gesukkel gepraat, skryf 'n ou vegter vir Afrikaans aan ons, "Die vraag is: Sou daar vandag 'n *gesukkel* gewees het? Sou die saak dalkies vandag nie hopeloos verlore gewees het nie? Het die teenswoordige voorstanders nie hulle gesindheid, liefde vir die taal ens. groteliks aan die eerste beweging te danke nie? Verknoei landspolitiek op elk gebied, en dit is mettertijd te herstel —sij dit ook tot nadeel van die volk dat dit tijdelik verknoei was. Maar verknoei die nasie self en *wie* sal dit ooit herstel? Die eggo vra: *wie*? Als die ou beweging nie daar was nie; sou die nasie nie lank reeds so hopeloos verknoei gewees het nie, dat daar vandag nie meer een (Nehemia) sou gewees het om sig oor *taal* en *tradiesies* te bekommer? Laat ons teenswoordige geleerde medestrijers en voorstanders van Afrikaans hulself vandaag afvra in hoe verre hulle ijwer die vrug is van die ou beweging.

Hulle is meestal die kinders van ou voorstanders, of nouw-bevriendes van voorstanders.”

Wat die ander bewering betref, dat die taalbeweging miskien dood sou geloop het, als die nuwe dit nie hervat het nie, wens ons ook op sekere feite te wijs.

In 1906, toe die nuwe beweging gebore werd, was die lede van die ou Genootskap deur die dood tot omtrent die helfte uitgedun. Wat in lewe was, was verstrooi. En als hul die saak met moed opgevat het—soos die plan bij hulle was—dan sou hul in ieder geval jonger bloed opgeneem het om daardeur die ledetal te versterk. Want die ou lede was toe reeds van hulle beste werkkragte beroof, en daar was opening vir taalgeleerdes. En als die jongere nie wou meegewerk het nie, dan sou die stryd op hoër ouderdom swaarder geval het. Maar die ou lede sou oorgenoeg versterkinge gekrij het. Die gevaar het bestaan, dat te veel verenigings op taalgebied sou opgerig geword het wat die saak meer kwaad als goed sou gedoen het.

Die groot verskil tussen die ou beweging en die nuwe lê hierin geopenbaar: die ou Genootskap het vir leesstof vir die minder bevoorregtes gesorg, terwyl die nuwe net vir lektuur vir ontwikkelde persone wil sorg. Hulle stelling is “Ons mik hoog.” Maar nou in die later tijd word meer aan kinderboeke gedoen en so kom hul meer op die regte spoor. Het jij die skoolkind in die hand, dan volg die nageslag vanself.

Ons twiifel nie die minste daaraan nie dat die val van die “Patriot,” om politieke redes, ook baing daarmee te doen gehad het, dat die nuwe beweging die oue verbij gestap het. Maar dit op sigself maak die saak nog nie reg nie—want erkentelikeid is 'n sedelike plig.

Omtrent hierdie punt skryf 'n ou waardige grijsaard en harde strijer vir Afrikaans aan ons:

“Met iemand, wat baing belangstel in die Afrikaanse Taalbeweging praat ek daar onlangs oor dat die jongere die ou pioniers nie altijd reg laat wedervaar het nie, en dat hulle vroeër moes aangesluit het en nie nou wil kom kritiseer nie. Hij antwoord daarop dat die later politieke omkeer van die “Patriot”

oorsaak was, dat baie Afrikaners terug gestoot is. En ook die fonetiese spelling het kwaad gedoen; want wat politiek en spelling betref, was die verskil tussen die eerste en laaste "Patriot" tog te groot, en dit het baie gehinder."

Wel, dit kan wel van die "Patriot" gesê word; maar nie van "Ons Taal" nie; wat almaal uitgenooi het om te skrywe en te spelle naar sijn verkiesing om sodoende tot verstandhouding te kom omtrent 'n vaste spelling.

Die ou Genootskap het getrag om die kloof tussen spreek- en skryftaal nie te wijd te stel nie, en het liewers die skryftaal uit die spreektaal wil ontwikkel, terwyl die nuwe beweging minder aan suiwerheid dink, solank die taal vir wetenskaplike gebruik geskik gemaak word, en verkies liewers die invoer van vreemde woorde als om Hollandse benaminge daarvoor in die plaas te stel. Die Afrikaanse Woordelys is hiervan 'n trouwe getuie: die opstellers van daardie woordelys moes hulle daarnaar skik.

Dan die nuwe beweging laat hul baie deur Hollands beïnvloed. Sommige skrywers meen goed Afrikaans in 'n Hollandse gedagtegang te kan skrywe. Dus die stijl, waarin hul skrywe, is eg Hollands, net hulle gebruik Afrikaanse woorde. Die stuk word deur enkele toegejuig; maar waar sit die Afrikaanse karakter daarvan? Bij geleentheid van 'n boekbeoordeling sê D.B.B. (sien Huisgenoot Julie 1917 bls 70): "Dit kan nie genoeg voor die aandag van ons skrywers gebring word nie, dat om 'n goeie stijl te skryf—wat tog eintlik alleen maar in die moedertaal moontlik is—ook in die moedertaal nie vanself kom nie; maar toewijding en inspanning vereis. En laat ons terwille van die toekoms van ons letterkunde Hollandse retorika *vermij als die pes*. So 'n sin als 'onweerswolke, wat later *onbeteuel* oor ons arm volk sou losbars,' of 'die son, bloedrooi begin hom in die *arme* van 'n veelkleurige see te werp'—lijk gevaarlik baie soos vere van 'n ander voël."

'n Ander verskil tussen die oue en nuwe beweging waarop ons reeds gewijs het, is dat die lede van die nuwe beweging mekaar in die aangesig danig prijs, ja dat die stof so trek, terwyl die ou Genootskap vir sulke lekkernije gin ruimte kon vind nie.

Hulle moes maar skouer aan skouer staan om mekaar teen die aanvallers te verdedig en mekaar maar gesamenlik als een man noem.

Maar ons almaal besit ons deugde en gebreke!

Ofskoon hierdie werk sig tot die verrigtings van die ou Genootskap van Regte Afrikaners bepaal, het ons geleentheid gevind om hier 'n vergelyking tussen die twee bewegings te maak, dog ons verkies nie oor die grense van ons ploegland te gaan nie. Laat dit ons darem vergun wees met waardering te spreek van wat die nuwe beweging vir die taalsaak gedoen het. En al verskil die oue en nuwe strijers omtrent sekere punte, die maak nie veel saak nie, als ons maar net ons aller doel bereik om Afrikaans als offisiële taal erken te krij. En ons twyfel nie die minste daaraan nie dat die tweede beweging dit in die nabije toekoms sal regkrij. Onder hulle is manne, wat in ijwer nie, 'n tree hoef terug te staan nie vir diegene wat die fundamente van ons taal-regte gelê het.

Ons het reeds ons oortuiging uitgespreek dat baie gedagtes, in hierdie boekie uitgespreek, nie algemene instemming sal vind nie. Aan die ander kant het ons 'n sterke vermoeding, dat hierin ook op onderwerpe die vinger gelê werd, wat sommige tot nadink sal bring. Maar glo ons van ganse harte, dat ons doel met hierdie boek was om ons aller geliefkoosde werk te bevorder deur tot nuwe gedagte-wisseling daarin op te wek, wat tot die opbloeï van ons Afrikaanse letterkunde mag dien.